Date : May, 13 , 2010 Publication : Volksblad Page Number : 12

Burgerlike verset

Hoe om doeltreffend beswaar aan te teken

WIT mense protesteer snaaks, sê die politiek inkorrekte skerpskertser ("stand-up comediant") van Gugulethu op Mondi-Shanduka se joernalistieke prysaand in Johannesburg.

"As ons swart mense protesteer, weet almal dit. Ons toi-toi, lawaai en gooi asblikke om. Maar julle wit mense, eisj . . ."

"Dieselfde e-pos word so 30 000 keer aangestuur, en elkeen wat die stuur-knoppie druk, klop homself tevrede op die skouer en dink: Nou't ek lekker stem dikgemaak."

Volgens hom protesteer wit mense ook oor die snaaksste dinge. "Jy sal nooit 'n swart mens kry om aan 'n optog oor globale verhitting deel te neem nie. Dit help nie iemand sê vir jou as jy dié boom afkap, is jy oor 'n 100 jaar in die moeilikheid nie.

"Ons weet as jy nie die boom nóú afkap nie, vrek jy vandag.

"Of oor die panda . . . Kan jy dink Julius Malema kry 'n klomp swartes bymekaar om oor die uitdelging van die panda op te ruk. Hoe gaan hulle dit in elk geval regkry om namens die swart deel van die panda te betoog, maar nie namens die wit deel nie?" raak hy toe kwyt.

Ja, nè. Hoe baie hoor en sê ons nie dat veral geweldsmisdaad, maar ook korrupsie en padslagting in Suid-Afrika onaanvaarbaar is.

Dit mag nie, sê ons. Almal voel só.

Oor die doodslanery van onskuldiges met pangas en staalpype. Die verkragting van vrouens in hul eie huis – met skerp voorwerpe wat agterna vir die pret in hul geslagdele gedruk word. Die verminking van weerloses, soos om hulle te brand of hul vingers met 'n tuinskêr af te knip. Oor die aanranding van 'n klein babatjie.

Die punt is: Of dit onaanvaarbaar is of nie, dié euwels duur voort.

Ons uitinge rondom die braaivleisvuur ventileer die emosies. Maar dit maak nie 'n verskil nie.

Al skree ons een miljoen keer tot hiertoe en nie verder nie. Of dat die ANC nou dit of dát moet doen. Hy gaan nie en kan nie.

Soos die verontwaardigde e-posse en SMS'e wat gereeld die ronde doen. Ook van Brittanje, Australië, Nieu-Seeland, Amerika en Kanada word die protestasies met die kliek van 'n vinger aangestuur.

Elke 10 000ste ontvanger, moet dit weer aan die kantoor van die president, premier, minister of polisiekommissaris aanstuur.

En dán . . . niks.

Die afgelope tyd word "burgerlike verset" toenemend bepleit.

Die vraag is hóé om teenstand te bied, sê teen geweld, sodat dit 'n verskil maak? Anders is dit sinloos..

Jy kan jouself so bewapen en verskans dat jy nie by jou loopgraaf kan kop uitsteek nie.

Jy kan die doodstraf bepleit. Soos ds. Justus Tsungu voorverlede Sondag op RSG gepreek het.

Die gevaar van die doodstraf is dat dit op simptome eerder as oorsake gerig is. Met die ANC aan bewind, is die doodstraf in elk geval uit.

Honderdduisende Suid-Afrikaners het ter wille van selfbeskerming, en ander redes, die opsie van "verplasing" gekies. Hulle trek na "veilige" lande en leef met die verskeurdheid saam.

Die realistiese plaaslike uitweg is seker verantwoordelike selfbeveiliging, sover dit binne jou vermoë is.

Sodat jy steeds 'n volheidslewe leef. Met die wete dat manslag of moord 'n Suid-Afrikaanse realiteit is, wat jou of jou gesin enige dag ongevraag en onverdiend kan tref.

Daar is ook groep-aktivisme.

In die goeie ou dae, toe Suid-Afrika nog net wit was, was daar buurtwagte.

'n Stille optog teen geweld het al in Adderleystraat, Kaapstad, opgeruk parlement toe.

Dan het die VF +, dink ek, 'n grasheuwel vol wit kruise geplant. Een elk vir die slagoffer van Suid-Afrikaanse gesinsgeweld.

Verlede Saterdag het *Volksblad* berig oor Solidariteit en AfriForum wat burgerlike verset namens hul lede bedryf.

Natuurlik is daar partypolitieke verset ook, ondanks die ANC se getal-oorwig.

Daar is gebedsveldtogte en gemeenskapsprojekte.

My antwoorde is so skraal.

Ten einde raad verwys ek maar na Viktor Frankl wat in een van Hitler se Duitse kampe erg gemartel is. Ook het sy pa en vrou in een van dié kampe gesterf.

In sy boek skryf hy: "Die wagte kon bepaal hoeveel pyn ek verduur hulle kon my martel, my laat honger ly, maar hulle kon nooit my gedagtes beheers nie."

Dis ook insiggewend dat mnr. Flip Buys die liefdesgebod voorhou as spilpunt van Solidariteit se burgerlike verset – doen aan andere . . .

Eindelik kan jy en ek net soveel doen. Stuur ook maar daardie e-posse aan, al is dit net om beter te voel.

Dink net hoe dit sou wees as die teenwig van al die gemelde voorbeelde hierbo ook nog wegval.

Laat hoor van jou oor jou planne vir burgerlike verset wat werk.